Aswoensdag



Op die Stowwerige Pad

Aswoensdag is die eerste dag van Lydenstyd, tradisioneel 'n tyd van vas en bekering. Gesels saam oor hierdie vier Bybelverse en dink na oor die betekenis van as en stof in die groter storie van die Bybel.

Genesis 2:7

Die Here God het toe die mens gevorm uit stof van die aarde en lewensasem in sy neus geblaas, sodat die mens 'n lewende wese geword het.

1

Hierdie vers uit Genesis vertel dat God die eerste mens uit stof gemaak het. Dit was God se asem wat van hom 'n lewende wese gemaak het.

Ons is nie gemaak om soos stof te wees nie, maar om lewende mense te wees wat in 'n verhouding met God leef.

2

Hierdie vers uit Genesis is deel van Abraham se storie. God het 'n groot belofte aan Abraham gemaak dat hy baie nakomelinge sal hê. Ons kan Abraham se familie volg deur Jakob en Dawid, al die pad tot by Jesus.

God se beloftes is waar en kan nie verander word nie. Abraham het nie eers gedink dat hy kinders kon hê nie, maar met God is alles moontlik!

Wat kan jy in Lydenstyd doen om jou verhouding en vriendskap met God te verbeter?

Watter beloftes uit die Bybel is vandag vir ons waar?

Watter planne het God vir jou toekoms waarvan Hy jou vandag wil vertel?

Genesis 13:15-17

"Die hele land wat jy sien, gee Ek vir altyd aan jou en jou nageslag. Ek sal jou nageslag so baie maak soos die stof van die aarde. As iemand die stof van die aarde kan tel, sal jou nageslag ook getel kan word. Trek nou deur die land, deur sy lengte en sy breedte, want Ek gee dit vir jou."

Together @ Home

Together @ Home

3

Jesaja 61:1-3

Hy het my gestuur om dié wat moedeloos is,
op te beur, om vir die gevangenes vrylating aan te kondig, vryheid vir dié wat opgesluit is,
om aan te kondig dat die tyd gekom het waarop die Here genade betoon,
die dag waarop ons God sy vyande straf maar almal wat treur, vertroos,
die dag waarop Hy vir dié in Sion wat treur, eer gee in plaas van smart,
vreugde in plaas van droefheid,
blydskap in plaas van hartseer.

Hierdie verse uit Jesaja vertel vir ons dat God vir sy mense eer sal gee in plaas van smart (hartseer). In daardie tyd het mense rouklere gedra en as op hulle koppe gegooi wanneer hulle hartseer was, sodat ander mense kon sien hulle is hartseer.

Hierdie vers herinner ons dat ons in 'n gebroke wêreld lewe, wat nie is hoe God dit wou hê nie. Ons wêreld is vol van sonde, siekte en smart.

God belowe 'n oplossing, 'n toekoms sonder enige siekte of hartseer, waar ons weer in 'n perfekte verhouding met Hom sal wees. Jesus en die storie van Paasfees is die sleutel tot hierdie oplossing.

Vir wie kan jy vandag bid dat hulle gelukkig en gesond moet wees?

Wat sien jy in die wêreld wat jou hartseer maak? Bring dit na God toe in gebed.

4

Matteus 10:14

"As iemand julle nie ontvang nie en nie na julle woorde luister nie, gaan uit sy huis of uit daardie dorp uit en skud die stof van julle voete af."

Hierdie vers kom uit Jesus se opdrag aan sy dissipels toe Hy hulle uitgestuur het om die Goeie Nuus te gaan vertel. Hy het vir hulle gesê om siekes gesond te maak en dooie mense te laat lewe!

God se groot plan gaan voort deur ons wanneer ons sy liefde met ander deel. Net soos die dissipels, mag ons vind dat almal nie gereed is om ons boodskap te hoor nie. Hierdie vers herinner ons om daardie stof af te skud en aan te beweeg! God het baie werk vir ons om ander te help verstaan dat Hy hulle lief het.

Met wie wil God hê moet jy vandag die Goeie Nuus deel?

Sien jy kans vir hierdie uitdaging in Lydenstyd?

Neem 'n besluit om elke dag in Lydenstyd aan jou verhouding met God te bou. Selfs al begin jy net elke dag om vir Hom "Goeie môre" te sê.

Kies een belofte vers uit die Bybel om in Lydenstyd te memoriseer.

Bid elke dag in Lydenstyd hierdie oor die aarde: "Laat U Koninkryk kom, laat U wil geskied"

Kies een vriend wat nie vir Jesus ken nie en bid vir hulle in Lydenstyd.